Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 420/04

Landdros Saaknr: 831/03

Datum gelewer: 2004-09-02

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**WYNAND LOUW** **BESKULDIGDE**

Coram: MAJIEDT R *et* OLIVIER R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Hierdie aangeleentheid is op hersiening verwys ingevolge die bepalings vervat in artikel 116(3)(a) van die Strafproseswet, 51 van 1977 ("*die Wet*"). Die streeklanddros na wie die aangeleentheid verwys is vir vonnisoplegging, het getwyfel of die verrigtinge ooreenkomstig die reg geskied het, meer bepaald ten aansien van die skuldigbevinding van die beskuldigde. Dit is nodig om die voormelde twyfel, soos verwoord in die streeklanddros se navraag aan die verhoorlanddros, volledig weer te gee hierin:

"1. Was die getuienis van die enkelgetuie Me. Alta Van Staden genoegsaam om 'n bevinding van skuldig aan aanranding met die opset om ernstig te beseer te regverdig?

2. Is 'n nadelige afleiding gemaak van die staat se versuim om die polisiebeampte Mnr. Van der Merwe te roep, indien nie waarom nie?

3. Is 'n nadelige afleiding gemaak van die staat se versuim om mediese dokter wie die kind, Eliea Van Staden, ondersoek het te roep? Op watter basis is die regsgeneeskundige verslag toegelaat as bewysstuk B na skuldigbevinding? Is kennis geneem van paragraaf 8 van bewysstuk B waar die

dokter meld dat "Patient was assaulted = blunt force 2 days or 3 days ago".

4. Die gesertifiseerde afskrif van die J15/klagstaat meld dat die saak oorgeplaas is na die streekhof ingevolge Artikel 11 SA Wet 51 van 1977 vir vonnis. Daar word aanvaar dat dit moontlik net 'n tikfout is en moet lees artikel 116(1)(a) of (b) Wet 51 van 1977. Kan u moontlik die nodige regstellings maak en aandui ingevolge watter artikel die saak oorgeplaas is.

5. Indien die oorplasing geskied het ingevolge artikel 116(1)(a) Wet 51 van 1977 is dit omdat artikel 51 van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997 van toepassing is, aangesien dit blyk dat die misdryf binne die kader van Deel III van Bylae 2 van gemelde wet val? Indien wel, is die bepalings van gemelde artikel en wet onder die aandag van die beskuldigde gebring?"

2. Die verhoorlanddros het volledig op die voormelde navraag van die streeklanddros gereageer. Die streeklanddros was steeds nie oortuig dat die skuldigbevinding regtens in orde is nie en het gevolglik die aangeleentheid na hierdie Hof verwys kragtens die voormelde wetsbepalings. Wat vrae 4 en 5 hierbo

aanbetref, het die verhoorlanddros aangedui dat die saak inderdaad ingevolge artikel 116(1)(a) se bepalings na die streekhof oorgeplaas is, omrede artikel 51 van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997 ("*die Strafregwysigingswet*"), se bepalings aanwending vind by vonnisoplegging. Verder het die verhoorlanddros aangedui dat, alhoewel die oorkonde dit nie weerspieël nie, die voormelde artikel se bepalings wel aan die beskuldigde verduidelik is.

3. Die beskuldigde het tereggestaan op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die Staat het beweer dat hy op 2 November 2003 te Fraserburg wederregtelik en opsetlik sy 2-jarige dogtertjie aangerand het deur haar te slaan en te knyp en haar sodoende wonde, letsels of beserings toegedien het met die opset om haar ernstig te beseer.

3.1 Ter bewys van die voormelde beweringe het die Staat slegs een getuie geroep, te wete die klaagstertjie se moeder, Me. Alta van Staden. Dié getuie het getuig dat sy en die beskuldigde in 'n saamleefverhouding betrokke was en dat die beskuldigde die klaagstertjie se natuurlike vader is. Op die aand van die voorval het die klaagstertjie op die bed langsaan die beskuldigde geslaap (op laasgenoemde se aandrang) en het die getuie, Me. Van Staden, aan die voetenent geslaap. Die klaagstertjie het begin huil en omrede die getuie nie kon vasstel wat die probleem was nie, het sy die lig aangeskakel en ontdek dat die beskuldigde besig was om die kind aan te rand deur haar ondermeer te knyp. Volgens haar getuienis het die beskuldigde aangevoer dat hy "nie hou van die kind se uitkyk

nie" en dat die kind "stories aangaande hom maak by ander mense". Die getuie het die lig afgeskakel en op 'n stadium het die klaagstertjie weer begin huil en gesÍ dat "sy nie meer kan nie" want sy kry te seer. Die getuie het toe die polisie laat kom en ene Mnr. Van der Merwe (klaablyklik 'n polisiebeampte) het daar opgedaag en die beskuldigde is gearresteer.

3.2 Die getuie, Me. Van Staden, het verder getuig dat die klaagstertjie by die dokter was en dat volgens "die papier wat hulle gegee het" het die klaagstertjie kopbeserings gehad en ook beserings aan haar lyf, boude, regterheup, oor en agter die nek. Sy het volgens haar eie waarnemings opgemerk dat die beskuldigde se naelmerke duidelik aan die klaagstertjie se binne-boudjies sigbaar was.

3.3 Die verhoorlanddros het die beskuldigde se regte ten aansien van kruisondervraging volledig en behoorlik aan hom verduidelik, maar het die beskuldigde in

wese glad nie die beweringe teen hom betwis nie. Hy het naamlik oor minder belangrike en inteendeel ontersaaklike aspekte in geskil getree met die getuie, sy saamleefvrou. Die verhoorlanddros het hom toe daarop gewys dat hy in geskil moet tree ten aansien van die wesenlike aspekte van die getuienis. Die beskuldigde het vreemd genoeg daarop die volgende antwoord verskaf:

> "Edelagbare, soos ek reeds gesÍ in die hof, ek kan nie glo dat ek die kind so seergemaak het. Dat ek geknyp het en geslaan het nie."

3.4 Later tydens die kruisondervraging sÍ die beskuldigde die volgende:

> "(onduidelik) ek sal dit aanvaar, ek sal nie met haar stry."

Die verhoorlanddros het daarna wéér aan die beskuldigde 'n geleentheid gegee om vrae te vra

nadat hy verdere ontersaaklike aspekte te berde gebring het, maar het die beskuldigde aangedui dat hy nie verdere vrae het nie.

3.5 Die Staat het sy saak gesluit sonder om enige mediese getuienis te lei, hetsy deur die geneesheer se *viva voce*-getuienis aan te bied of om die sogenaamde J88 mediese verslag in te handig. Na afsluiting van die Staatsaak het die verhoorlanddros eweneens die beskuldigde se regte ten aansien van sy eie getuienis volledig en behoorlik verduidelik en het die beskuldigde die volgende gesÍ:

"Ek val in my skuld Edelagbare."

Daarna het die beskuldigde aangedui dat hy geen getuienis wil lei, óf van homself óf van getuies nie. Hy het derhalwe sy saak gesluit.

4. Uit hoofde van die voorafgaande val dit op dat:

4.1 Die klaagster se moeder was 'n enkelgetuie en moes haar getuienis met versigtigheid benader word. Die landdros maak weliswaar nie melding van die versigtigheidsreël of van die toepassing daarvan nie, maar meen ek dat die enkelgetuie se getuienis wel bevredigend in alle wesenlike opsigte was, veral inaggenome die feit dat die beskuldigde glad nie die getuienis, meer bepaald die wesenlike aspekte daarvan, enigsins betwis het nie.

4.2 Die getuienis wat die klaagster gelewer het oor wat op die "papier" (moontlik die J88 mediese verslag) gestaan het, is niks anders as ontoelaatbare hoorsÍ nie. Wat egter belangrik is, is haar eie waarnemings dat die klaagster se binne-boudjies prominente naelmerke van die beskuldigde gehad het.

4.3 Die beskuldigde se eie stilswye regverdig natuurlik nie 'n nadelige afleiding teen hom nie, maar het die gevolg dat die Staatsaak soos voorgehou deur sy saamleefvrou, Me. Van

Staden, onweerspreek staan.

5. Ek is tevrede dat die aspekte wat die streeklanddros geopper het ter navraag van die skuldigbevinding bevredigend beantwoord is deur die verhoorlanddros. Wat my egter groter probleme verskaf, is die vraag of die Staat inderdaad aanranding met die opset om ernstig te beseer bewys het. Ek meen dat die antwoord hierop 'n voldonge "*nee*" moet wees, gegewe die feit dat die staatsaanklaer dit goed geag het om nie die J88 mediese verslag tydens die Staatsaak as bewysstuk in te handig nie. Die voormelde verslag is inderdaad ingehandig ná skuldigbevinding, klaarblyklik met die oogmerk om strafverswarende omstandighede aan die verhoorlanddros voor te hou. Ek vind dit verstommend en geheel en al onbevredigend dat die saak van Staatsweë op so 'n traak-my-nie-agtige en skokkend onbekwame wyse aangebied is hierin. Dit gaan my verstand te bowe dat die

staatsaanklaer nagelaat het om die J88 mediese verslag in te handig voor skuldigbevinding. Ek vind dit eweneens onbegryplik en onbevredigend dat die verhoorlanddros nie aangedring het op die inhandiging daarvan of om selfs deur middel van artikel 186 van die Wet die dokter te roep wat die klaagstertjie ondersoek het nie. Hierdie soort van optrede in 'n ernstige saak soos die onderhawige, strek die regspleging glad nie tot eer nie en stel 'n onreg daar teenoor slagoffers soos die klaagstertjie in hierdie saak. Indien die voormelde mediese verslag behoorlik tydens die Staatsaak ingehandig sou gewees het, meen ek dat daar 'n baie groot moontlikheid was dat die skuldigbevinding van aanranding met die opset om ernstig te beseer, wat die beskuldigde ten laste gelÍ was, behoorlik bewys sou word.

6. Na my mening is die skuldigbevinding hierin nie in orde

nie en behoort dit vervang te word met een van gewone aanranding. Die gevolg hiervan is dat die bepalings van artikel 51 van die Strafregwysigingswet nie meer aanwending vind nie en kan die verhoorlanddros self die vonnis afhandel.

7. Ek reik gevolglik die volgende bevel uit:

**7.1 Die skuldigbevinding aan aanranding met die opset om ernstig te beseer word tersyde gestel en word vervang met die volgende: "DIE BESKULDIGDE WORD SKULDIG BEVIND AAN AANRANDING."**

**7.2 Die saak word na die verhoorlanddros in die landdroshof te Fraserburg terug verwys vir vonnisoplegging.**

**7.3 'n Afskrif van hierdie uitspraak moet versend word aan die Direkteur van Openbare**

**Vervolgingsse kantoorte Kimberley.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stemsaam:**

______________

**C.J. OLIVIER**

**REGTER**